**HILLCREST HIGH SCHOOL**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1**

**JUNIE 2022**

**EKSAMEN**

**GRAAD 9**

**PUNTE : 60**

**TYD: 1.5 UUR**

Hierdie vraestel bestaan uit  bladsye

**<u>INSTRUKSIES EN INLIGTING.</u>**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

   **Afdeling A : Begripstoets (20)**
   **Afdeling B : Taal (40)**

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Beantwoord <u>AL</u> die vrae**

4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**

5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**

6. **Me. Jordaan, Middleton, Meiring, Haluman en Ramdhani**

7. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

8. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**

9. **Skryf netjies en leesbaar.**

## <u>Afdeling A: Begripstoetse</u>

**Teks 1. Leesteks**

Lees die volgende artikel en beantwoord dan die vrae wat volg.

# Wie is Siya Kolisi: tien feite oor die Springbokkaptein.

Siya Kolisi is een van die belangrikste spelers in moderne rugby. Hy is as die invloedrykste persoon in die 2020 *Rugby World* tydskrif benoem.

Hy het in 2019 Suid-Afrika na hul derde Rugby Wêreldbeker titel gelei, maar hy was ook die nasionale span se eerste swart kaptein in hul 126-jaar geskiedenis.

Hier is nog 'n paar feite oor die indrukwekkende flank.



**Tien dinge wat jy van Siya Kolisi moet weet.**

1. Kolisi is op 16 Junie 1991 in die Zwidi dorpsgebied van Port Elizabeth, in die Oos-Kaap gebore. Hy het arm grootgeword, sy gunsteling speelding was 'n baksteen.

2. Sy ouers was tieners toe hy gebore is, sy ma Phakama het gesterf toe Siya 15 jaar oud was. Daarna is hy deur sy ouma, Nolulamile grootgemaak.

3. Kolisi het op sewe-jarige ouderdom rugby begin speel, hy het in 'n paar familielede se voetspore gevolg. Sy junior span se naam was die *African Bombers,* hy het vir vyf jaar vir hulle gespeel voordat hy 'n rugbybeurs na die ryk en spogskool, Grey College aangebied is.

4. Hy kon nie Engels praat toe hy by Grey College aangekom het nie, hy was vlot in sy moedertaal, Xhosa. Sy klasmaat, Nicholas Holton, het hom Engels leer praat en is nogsteeds een van Kolisi se beste vriende. Hy was 'n strooijonker op Siya en Rachel se troue.

5. Sy professionele loopbaan het by Westelike Provinsie begin. Hy het in 2011 sy debuut gemaak teen die Goue Leeus in die Vodacombeker. In 2012 het hy vir die Stormers begin speel, maar ongelukkig het hy ‘n duimbesering opgedoen wat beteken het dat hy daardie jaar die Westelike Provinsie se wen van die Curriebeker gemis het.

6. Kolisi is 852ste Springbok. Sy Springbok debuutwedstryd was in 2013, in Nelspruit teen Skotland. Die Springbokke het 30 -17 gewen.

7. Sy eerste internasionale drie is op die 17de Junie 2017 in Durban teen Frankryk aangeteken. Dit was die dag na sy 26ste verjaarsdag. Hy het briljant gespeel, ‘n bal om sy enkels opgetel en gehardloop om die drie te druk, wat gehelp het om 37 -15 te wen.

8. Daar is ‘n sterk verhouding tussen Siya en President Cyril Ramaphosa. Die twee bel mekaar na Springbokwedstryde en het saam op die veld gevier na die 2019 Rugby Wêreldbeker triomf.



9. Siya en sy vrou, Rachel, bestuur die Kolisi Foundation, wat probeer om geleenthede vir Suid-Afrikaners van minderbevoorregte en moeilike agtergronde te skep. Gedurende die Covid-19 pandemie, het die organisasie maskers en ontsmettingsmiddels aan mediese personeel voorsien.

10. Kolisi het sy jonger halfbroer, Liyema en halfsuster, Liphelo aangeneem. Hulle woon saam met Siya, sy vrou Rachel en hulle eie twee kinders, Nicholas en Keziah.



Woordeskat

| | | |
|---|---|---|
| 1. | invloedryke | influential |
| 2. | tydskrif | magazine |
| 3. | geskiedenis | history |
| 4. | indrukwekkende | impressive |
| 5. | rugbybeurs | rugby scholarship |
| 6. | verhouding | relationship |
| 7. | geleenthede | opportunities |
| 8. | aangeneem | adopted |

**Vrae**

1.1. Watter belangrike rol speel Siya Kolisi in Suid-Afrikaanse rugby? (1)

1.2. Hoeveel Wêreldbeker toernooie het Suid-Afrika tot dusver gewen? (1)

1.3. Watter posisie speel Siya Kolisi? (1)

1.4. Die volgende stelling is ONWAAR. Haal uit die teks aan om te motiveer dat dit onwaar is.

Siya het normale speelgoed gehad. (1)

1.5. Wie is die twee vrouens wat Siya grootgemaak het? Gee hulle name. (2)

1.6.1. Stem jy saam met die volgende stelling?

Siya is die enigste lid van sy familie wat rugby gespeel het.

1.6.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.7. Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die LETTER neer.

Wat is 'n strooijonker (by 'n troue)?

A. 'n Goeie vriendin wat die bruid bystaan.
B. 'n Goeie vriend wat die bruidegom bystaan.
C. 'n Goeie pastoor wat die troue lei. (1)

1.8. By watter skool het Siya Kolisi gematrikuleer? (1)

1.9. Gee 1 woord uit die leesstuk wat die verhouding tussen die President van Suid-Afrika en die kaptein van die Springbokrugbyspan beskryf. (1)

1.10.Pas die jaar in KOLOM A by die wedstryd in KOLOM B. Skryf slegs die vraagnommers en die LETTERS neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 1.10.1 | 2011 | A | Siya speel teen Skotland |
| 1.10.2. | 2013 | B | Siya speel vir die Stormers |
| 1.10.3. | 2017 | C | Siya speel vir Westelike Provinsie |
| | | D | Siya speel teen Frankryk |

(3)

1.11.Haal 3 opeenvolgende woorde aan wat vir ons sê hoekom Siya nie vir die Westelike Provinsie in die Curriebeker kon speel nie. (1)

(14)

**Teks 2. Advertensie**

Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord dan die vrae wat volg



1.12. Hoe weet ons dat die kinders wat die Alfa-Eden Naskoolsentrum bywoon, gelukkig is? (1)

1.13. In watter stad kan jy die Alfa-Eden Naskoolsentrum bywoon? (1)

1.14. Hoeveel sal dit kos om twee kinders vir 'n maand na die Naskoolsentrum te stuur? (1)

1.15. Van watter tipe kos is daar 'n prent? (1)

1.16. Wat word ook by die Alfa-Eden Naskoolsentrum aangebied as jy Wiskunde moeilik vind? (1)

1.17. Haal drie opeenvolgende woorde aan wat wys hoe jy van die skool tot by die Alfa-Eden Naskoolsentrum sal kom. (1)

(6)

Sub-totaal vir afdeling A: 20

**<u>Afdeling B: Taalwerk</u>**

Bestudeer die volgende strokiesprent en beantwoord dan die taalvrae wat volg.




**<u>Woordstrukture</u>**

<u>Vraag 1.</u>

Vul die VRAAGWOORDE in om die vrae korrek te voltooi.
Die antwoord word gegee om jou te lei.

1.1. _________ skree op Neelsie? Meester (1)

1.2. _________ lees Neelsie se pa? Die koerant. (1)

1.3._________ is Meester se mond so wyd oop? Hy is kwaad. (1)

Vraag 2.

Gee die korrekte MEERVOUDE vir die woorde tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

2.1. Al die leerders gaan na skool terug na hulle (gesin). (1)

2.2. Die leerders gaan vyf (dag) per week skool toe. (1)

Vraag 3.

Gee die korrekte VERKLEINWOORDE vir die woorde tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

3.1. Neelsie staan met sy klein (hand) in sy sak. (1)

3.2. Neelsie se ma het 'n klein (boom) in die tuin geplant. (1)

Vraag 4.

Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in om die sinne te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

4.1. Neelsie irriteer vir Meester, daarom is Meester kwaad vir _______. (1)

4.2. Neelsie het _______ toets gedruip. (1)

4.3. Neelsie se suster is trots op _______ rapport. (1)

Vraag 5.

Gee die korrekte INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

5.1. Wanneer Meester skree, is die res van die klas (baie bang). (1)

5.2. Neelsie doen (baie min) werk by die skool. (1)

Vraag 6.

Vul die korrekte VOORSETSELS in om die sinne te voltooi.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

6.1. Meester skryf 'n brief _______ Neelsie se ouers. (1)

6.2. Neelsie loop _______ voet skool toe. (1)

Vraag 7.

Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING van die woorde tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

7.1. Neelsie moet (hard) werk as verlede jaar. (1)

7.2. Hy is die (stadig) leerling in die klas. (1)

Vraag 8.

Skryf die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

8.1. Neelsie wil videospeletjies speel (in plaas van) skoolwerk doen. (1)

8.2. Neelsie moet die (paragraaf) tien maal uitskryf. (1)

Vraag 9.

Voltooi die VERGELYKINGS.
Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

9.1. Neelsie is so lui soos ‘n__________. (1)

9.2. Hy is ook so dom soos ‘n___________. (1)

(20)

**Sinstrukture**

Vraag 10.

Rangskik die sinne hieronder in die korrekte WOORDORDE.

10.1. Peter, by die huis, doen, elke dag, sy huiswerk. (1)

10.2. Meneer, geskree, hard, op Neelsie, het, gister. (1)

10.3. Neelsie, vergeet, sal, môre, by die huis, sy boek. (1)

Vraag 11.

Skryf die sinne in die VERLEDE TYD.

11.1. Jy is ‘n klein gemors. (1)

11.2. Meester het ‘n slegte humeur. (1)

11.3. Pa lees die koerant. (1)

<u>Vraag 12</u>.

Skryf die sinne in die TOEKOMENDE TYD.

12.1. Daar is ‘n slegte atmosfeer in die klas. (1)

12.2. Meester het ‘n kwaai hoofpyn. (1)

12.3. Die leerlinge doen hulle huiswerk na skool. (1)

<u>Vraag 13</u>.

Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

13.1. Iemand het Meester baie kwaad gemaak. (1)

13.2. Neelsie het nog kanse oor. (1)

13.3. Meester was baie kwaad vir Neelsie. (1)

<u>Vraag 14</u>.

Verbind die sinne met die VOEGWOORD tussen hakies.

14.1. Neelsie is dikwels in die moeilikheid. Hy het ‘n slegte houding. (want) (1)

14.2. Meester het alles met Neelsie probeer. Hy is ‘n stout leerling. (nogtans) (1)

14.3. Neelsie se eerste kwartaal rapport was sleg. Sy suster se rapport was baie goed. (terwyl) (1)

<u>Vraag 15.</u>

Skryf die volgende sinne in die LYDENDE VORM.

15.1. Neelsie vergeet sy boeke by die huis. (1)

15.2. Meester straf Neelsie by die skool. (1)

15.3. Neelsie se pa het die koerant gelees. (1)

15.4. Neelsie se ma sal heerlike kos op die stoof kook. (1)

15.5. Meester het sy oë toegeknyp. (1)

(20)

GROOTTOTAAL: 60